Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

DIE O.B.

Jrg. 10 Kaapstad, 30 Mei 1951 Prys 3d. Nr. 26

# NOU TYD VIR PRAKTIESE REPUBLIKEINSE OPTREDE

**Die Republikeinse Front moet tot praktiese republikeinse aksie gelei word. Hy moet deur Republikeinse party-kandidate as dit kan of anders deur eie Republikeinse Front-kandidate as dit moet die stigting van die Republiek op parlementêre gebied indra, verklaar die onderleier van die O.B., mnr. J. A. Smith.**

„As ons hierdie ideaal (die van 'n republiek) sou laat vaar, sal ons sielloos en doelloos word en sterf."

Dit is ware woorde hierdie. Dit is die taal van die republikein uitgedruk deur min. J. G. Strydom. Daarby voeg ons:

Daar is net een weg van eer. Hierdie weg van eer is vir elke nasionaalgesinde Afrikaner, leier en volgeling, om al sy kragte te wy aan die verbreeing en uitbouing van die republikeinse ideaal onder diegene wat in die verlede deur soveel inspanning op die politieke terrein weggevoer is van wat hul eertyds as heilig aangekleef het, nl. die republikeinse ideaal.

**'n Afrikanervolk sonder 'n republiek maar met die Britse Koning leef in 'n agterryerkoninkryk, ongeag en ongeëer onder die nasies.** As ons hierdie ideaal sou laat vaar, word ons sielloos en doelloos. Dan sterf ons.

### EERLOSE BESTAAN

**Maar 'n ideaal is daar om verwesenlik te word.** Alle middele wat vereis word en tot beskikking is, moet vir en deur die volk aangewend word om sy strewe bekroon en sy eer herstel te kry. **Dit is tans 'n eerlose volksbestaan wat ons in ons agterryerskap van Brittanje voer.**

En in Suid-Afrika is daar meer republikeine as wat veronderstel word. Hulle is in feitlik al die verskillende politieke groeperinge te vind. Maar wat nou?

### IN 1941

**Daadwerklike stappe is nodig.** Net so nodig as wat dit indertyd geag was toe die eenheidskomitee uit die verskillende volksorganisasies saamgestel was en hom tot die Nasionale leiers gerig het om sy samewerking ook op die parlementêre terrein vir die verkryging van die republiek op sekere grondslag aan te bied. **Die doel was 'n republikeinse front. En as dit toe aanvaarbaar was vir alle Nasionaalgesindes, is dit seker vandag nog meer onder omstandighede. Het daar nie op organisasiegebied of terwille daarvan tweespalt in daardie front indertyd (1941) ontstaan nie, sou daar reeds toe parlementêre setels oor die republiek betwis geword het en ons veel verder gewees of miskien reeds ons eindbestemming bereik het.**

Die Ossewabrandwag en ander het egter nie dáár die strewe beëindig nie. Die ideaal is voortgedra. Alleen die daadwerklike aksie is vertraag in die hoop dat die party self daardie aksie sou bring na dr. Malan se mosie in die Volksraad (1942). En wat is die aksie?

### ENIGE MIDDEL

Die Ossewabrandwag se beleid soos ons so baie keer herhaal het, is die samesnoering van kragte om van enige geleentheid en enige middel wat die geleentheid vereis gebruik te maak. Het ons dit nie so baie in die openbaar namens ons beweging gesê dat as ons 'n republiek langs die weg van die kruisie (stembus) kan bereik, ons van Kaapstad tot Pretoria kruisies sal trek, of as dit geweld vereis ons daarvoor ook geensins sal terugdeins nie?

**Die voor die handliggende middel nou is die skepping en uitbouing van 'n omvattende republikeinse front waaraan alle republikeinsgesindes afgesien van hule spesifieke organisasieverband, kan deelneem.**

Hierdie gesamentlike front onder leiding van 'n sentrale komitee se taak sal wees die bewerkstelliging van samewer-

(vervolg in vorige kolom)

(vervolg van volgende kolom)

king, en die handhawing daarvan en om koers en leiding te gee in die stryd vorentoe.

### PRAKTIESE AKSIE

Hy moet die front tot praktiese republikeinse aksie lei. Hy moet deur party-kandidate as dit kan of eie republikeinse front-kandidate as dit moet die stigting van die republiek op parlementêre gebied indra.

**Hierdie saak van die tot standbrenging van die republiek het nou meer noodsaaklik as ooit geword, danksy die Britse politiek wat die inboorling in Afrika en sy statebondsbeleid betref, terwyl die gedragslyn deur die S.A. aanhangers van sy liberalistiese politiek in die stryd oor die handhawing van die blankegesag in Suid-Afrika die gevaar van die Britse konneksie beklemtoon het.**

Ek doen 'n beroep op almal om hul medewerking in die uitbouing van 'n Republikeinse Front, elk in sy organisasie, groep of eie kring.

*Herinneringe uit die Vryheidstryd (8)*

# HERTZOG WOU PARTYSTRYD OPHEF IN 1933

**Ervaring het geleer dat die politieke horison in Suid-Afrika ook met 'n nasionale regering aan die roer nooit vir lank helder bly nie. Die gees van partyskap is reeds so ingeënt dat dit feitlik onmoontlik geword het om 'n vaste en suiwere koers te hou. Oorwegings van eie voordeel en partywins het die republikeinse koers wat siel en liggaam op sekere tydstipte van die Nasionale Party was, soos 'n perd gespan om te bly wei op die suurpolle in die Britse empaaierkring. Vooraanstaande lede van die regering het, soos die huidige hoë kommissaris kort gelede in Londen, republikanisme as van „geen praktiese politiek" verklaar. Binne-in regeringskringe self was nie alleen uiteenlopende koerse nie maar selfs tweespalt. En hier nou, ek glo dit is die eerste maal, word in die openbaar en die pers die feit vermeld dat Tielman Roos eindelik deur die eerste minister, genl. Hertzog, uitgesit was uit sy kabinet!**

**Deur J. A. Smith**

**Die verklaring aan die pers is deur my persoonlik gehanteer om middernag. Die setsel van die verklaring vir die koerant, wat dit regstreeks van genl. Hertzog as dringend ontvang het, was klaar en die verklaring sou die volgende oggend in druk verskyn. Die plakkaat: „Tielman Roos uit die Kabinet" was reeds deur my opgestel die nag toe 'n flitstelegram my later van die eerste minister bereik om voorlopig sy verklaring oor die afdanking van Roos nie te publiseer nie.** Ek sluit die nag die setsel in my laai op om dit privaat te hou. Dit was kort en hoofsaaklik oor die uitsetting van Madeley. En wat het gebeur? Op advies van een van sy kollegas is die afdankingsbrief nie die aand deurgestuur na die goewerneur-generaal nie, en Roos het siekteverlof gekry en is na die buiteland. **Hy is uitgeskakel sonder ophef en twis in die publiek.** Hierdie geheim was nog al die jare vir die publiek bewaar.

### SAMESMELTING

„Waarom, Generaal, wil u die twee partye saamsmelt," vra ek genl. Hertzog in 1933 in sy kantoor. (Dit is die Nasionale en S.A. Party). **„Om eenmaal weer weg te kom van die verderflike volksverdelende partytwiste en weer die groot massa Afrikaners en goedgesinde Engelse wat daar mag wees in een kraal saam te bring en dan met almal koers te neem na ons bestemming. Hierdie politieke partygeskarrel kan nie so aanhou nie. Dit verminder by elke twis die getal nasionaalvoelende Afrikaners," was sy antwoord. „Maar", het hy nadenkend laat volg, ‚dan moet julle almal saam kom as ons ons doel wil bereik."**

### „OOR DIE DRUMPEL"

**Sal almal dan? Wou ek weet, en noem enige name, onder wie diegene wat ek hoor sê het dat hulle „die oubaas wil help om saam te smelt en as hy oor die drumpel tree, die deur agter hom toe te klap sodat hy nie weer kan terug kom nie. Dan maak ons Malan leier."**

**„Malan? Hoekom vra jy? Hy gaan oormôre-aand op Malmesbury praat en sal daar eenwording, samesmelting bepleit. Ons het gister hier die saak bespreek. Nee, Malan is daarvoor," was genl. Hertzog se versekering.**

Soos hy gesê het, het dit gebeur. Dr. Malan het woorde met die volgende strekking gebesig: „Die volk is siek van partytwiste en wil nou een word. Genl. Hertzog het dit bewerkstellig en die volk sal vir hom 'n monument oprig."

Dit het nie gebeur nie. Weer het die nasionaalvoelendes uitmekaar gespat en mekaar kwaai beveg. Tog het daarop gevolg hoewel kruppel-kruppel, want almal wou weens partybelange nie een word nie, die Status- en Seëlwet, die uitskakeling van die naturellestem, en so meer. Weer was ons as Afrikaners in kampe verdeel. Weer sou Britsisme seëvier en nogeens en nogeens.

### PARTYLOSES

Die doel van wat genl. Hertzog met koalisie en die daaropvolgende samesmelting — die logiese gevolg van eersgenoemde — gehad het, was vir baie in die begin nie duidelik nie. **Na die Malan-groep weggebreek en 'n sg. gesuiwerde Nasionale Party gestig het, was daar ook baie en in Kaapstad 'n klein klompie wat gedink het aan die moontlikheid van 'n nuwe organisasie. 'n Paar van ons het die saak ernstig oorweeg. Dit het nie verder as dit kon kom nie. Maar hoe sterk dit by sommige gevoel is om nie by een van die groepe aan te sluit nie, blyk o.a. uit die feit dat adv. Fagan die setel Swellendam betwis en verower het, as Onafhanklike.** Hy het geglo dat dit die ander moontlike weg sou wees om die kloof tussen die Hertzog- en Malan-party te probeer oorbrug. **Die vernynige aanvalle, veral deur die pers van laasgenoemde, het hom in die Hertzog-geledere gedryf.** Ek, daarenteen, het nooit weer by een van die par-

(Vervolg op bls. 6, kol. 1)

## ENGELAND DALK NOG NEUTRAAL

**Die waarskynlikheid dat Engeland in 'n oorlog met Rusland onsydig mag staan en dat dit 'n gevaarlike beleid is vir Suid-Afrika om pens en pootjies op die Britse oorlogswaentjie te klim, is tevore deur DIE O.B. genoem. Dat ons nie alleen staan in hierdie sienswyse nie, blyk uit 'n oorsig van Brits-Amerikaanse betrekkinge deur ons Amerikaanse korrespondent wat op bladsy drie verskyn.**

**Hierdie hoogs interssante artikel gee 'n uiteensetting van die teenstelling in beleid tussen die twee lande en verwys na die bedanking van Bevan uit die Britse kabinet as voorloper van Britse onsydigheid in geval van oorlog met Rusland.**

## BRITTANJE SE GEEL SPOOR LÊ WÊRELDWYD

**Diegene wat hul hoop op Brittanje vestig as 'n blanke faktor in Afrika en spyt is oor die veronderstelde „uittog" van Engeland uit Afrika, kan maar net nagaan wat die rassenalatenskap van Brittanje is op elke plek waar hy sy Union Jack ingeplant het.**

**Suid-Afrika sit vandag met 'n kwart miljoen Indiërs—'n Britse erflating. Rhodesië sit vandag met sy Indiërs en in Tanganjika en Kenia is die Indiërs reeds ver in die meerderheid bo die blankes EN HULLE WORD NOG STEEDS DEUR BRITTANJE INGEVOER.**

Oral in die wêreld is dit so. Die Britse koerant Daily Telegraph het verlede week kommentaar gelewer in 'n hoofartikel oor die Indiërvraagstuk op die Britse Fiji-eiland (ten ooste van Australië) en dit is die toestand wat die blad beskryf:

**„Toe Brittanje 77 jaar gelede die taak aanvaar het om oor die Fiji-eiland te regeer, was blanke handelaars en sendelinge reeds lank daar gevestig. DAAR WAS GEEN INDIERS NIE TOTDAT 'N KLEIN GROEP INGEBOEKTE ARBEIDERS INGEVOER IS KORT NA DIE BEGIN VAN DIE BRITSE BEWIND.**

„Indiërs oortref die inboorlinge vandag in getalsterkte en hul oorwig sal waarskynlik toeneem.

„Die administrasie probeer die ewewig behou tussen die twee rasse en die verskillende minderhede waaruit die eiland se bevolking nou bestaan, sodat die vertroue wat die inboorlinge oorspronklik in Brittanje gestel het, nie geskend word nie.

**„Die taak word egter al moeiliker met die toenemende politieke bedrywigheid van die Indiërs. Die posisie stem in baie opsigte ooreen met dié in Oos-Afrika, waar die belange van 'n hardwerkende, selfbewuste en vrugbare Indiër-bevolking dikwels met die belange van die plaaslike bevolking bots."**

DIE O.B., WOENSDAG, 30 MEI 1951

# DUIDELIKHEID NODIG

Volgens verslag in Die Burger het dr. Malan verlede week by geleentheid van 'n verjaardagviering in sy partykoukus ten antwoord op 'n hulde-uitlating van min. J. G. Strydom sy geloof in die noodsaaklikheid van 'n republiek as middel om dubbele trou by 'n deel van die bevolking te beëindig, uitgespreek. Maar hy het gemaan tot versigtigheid „op die pad na 'n republiek" wat dan sonder revolusie met Engelse steun verkry sal word.

Toe dr. Malan van die Empire-konferensie in Londen voorverlede jaar teruggekom het, het hy dit baie duidelik gestel dat sy opvattings omtrent 'n republiek „afgeskei van die Britse Kroon en Ryk" verander het, en toe daar 'n maand of wat gelede berig is dat hy sy koukuslede belet het om in die openbaar uitlatings oor die republiek te doen, het dit gelyk of die lot van die republikeinse ideaal binne die H.N.P. beklink is. Die uitlating, waartoe mnr. Strydom dr. Malan met soveel sielkundige takt verlede week binne die koukus uitgelok het, skyn dus met die eerste oogopslag strydig te wees met die rigting wat dr. Malan die afgelope twee jaar ingeslaan het. Die vraag kom dus op of dit 'n nuwe wending in dr. Malan se beleid aankondig en of dit veel eerder bedoel is as 'n verjaardag-klontjie aan mnr. Strydom en sy mede-republikeine op 'n oomblik van feestelike stemming. Indien dit eersgenoemde sou wees, sal elke republikein rede hê om verheug te voel. **Met die les voor ons van die ou Suid-Afrikaanse Party wat van bittereinder-republikeine binne 'n paar jaar verstokte imperialiste gemaak het wat selfs op republikeine geskiet het, het die gevaar reeds werklikheid geword dat republikeinse Afrikaners onder aanvuring van partytrou en partypropaganda weereens die nie-republikeinse en moontlik selfs anti-republikeinse rigting van 'n partyleiding sou volg wat tot uiteindelike versapping lei, soos ons dit in die jare na 1910 beleef het.**

### PRAKTYK MOET WYS

Ons sal dus die eerste wees om te juig indien dr. Malan se verjaardag-uitlating 'n kentering openbaar van die rigting wat hy in die jongste tyd ingeslaan het, wat daarop neerkom dat ons „in enige omstandighede by die Statebond wil bly" en dat 'n republiek op sy beste maar 'n republiek van Sy Majesteit die Britse koning sal wees, sonder verbreking van die Britse konneksie; met ander woorde 'n Britse republiek. **Maar as dit so 'n kentering aankondig, dan kan ons ook nou verwag dat die verbod op die republikeine om hulle in die openbaar oor die republiek uit te laat deur die koukus opgehef sal word en dat regeringsblaaie sal ophou om propaganda vir die Britse Statebond te maak — ook deur die voorstelling daarvan as 'n nie-Britse organisasie waarbinne republikeine tuis behoort te voel. Want, laat ons op hierdie punt baie duidelik wees: die republiek, afgeskei van die Britse Kroon en Ryk, sal nie kom as ons nie daarvoor propaganda maak nie, en allermins as ons propaganda vir die Britse Statebond maak.**

Dr. Malan se vae verwysing na „ons losmaak van wat buite is", skep die indruk dat hy die Britse konneksie bedoel. Dit is te hope dat dit so is, maar wat verstaan hy nog onder „Britse konneksie"? Moet ons aanneem dat omdat die Britse Statebond nie meer „Brits" sou wees nie, die Statebondsbande nie meer Britse bande is nie en dat dit dus ook nie iets „van buite" is nie?

### „VERSIGTIGHEID"

Dit is nodig dat elke republikein presies weet wat dr. Malan vandag nog onder republikanisme verstaan en ons kan dit alleen weet as daar republikeinse propaganda van die kant van die H.N.P.-leiding toegelaat en in werklikheid gemaak word. Moontlik staan dr. Malan se verbod op republikeinse propaganda in verband met sy vermaning dat ons „met versigtigheid op die pad na 'n republiek moet loop." Laat ons vir 'n oomblik toegee dat dit so is. Dr. Malan wil dan „versigtig" wees met die oog op Engelse steun uiteindelik. **Maar ons sal daardie steun nie kry wanneer ons probeer om die Engelse te bedrieg met die skyn dat ons nie meer republikeine is nie. Inteendeel, ons sal die steun van ons eie mense verloor wat naderhand die dinge sal begin glo wat ons aan die Engelse wil wysmaak, naamlik dat Suid-Afrika binne die Britse Statebond wil bly „omdat hy dit in sy belang ag", soos Die Burger dit al in 'n hoofartikel gestel het. Ons kan nie sien hoe jy teenstanders na jou standpunt kan wen deur hul standpunt te verkondig nie. So het ons nie gemaak in ons taalstryd nie, en so het ons nie gemaak in ons kleurstryd nie.** Trouens, dr. Malan self het in sy toespraak in Durban verlede jaar beklemtoon dat elke stap van Afrikanerkant in die rigting van selfstandigheid deur die Engelse beveg is as 'n blyk van ras-vyandigheid en byna sedisie, **maar dat alles wat uiteindelik ten spyte van die teenstand verkry is, later deur die Engelse aanvaar is,**

Waarom moet ons dan nou versigtig loop en selfs bevelgedwonge swyg oor die republiek uit vrees vir Engelse teenstand?

# Van Die Os Op Die Esel

## Deur Sybrand

### *Mnr. Strydom se Koukus-Oulikheid*

Op 22 Mei, presies twee maande en twee dae nadat die H.N.P.-koukus sy lede die swye oor die republiek opgelê het, het mnr. J. G. Strydom, die Transvaalse H.N.P.-leier, dit reggekry dat nie net hy nie **maar ook dr. D. F. Malan** in die party se koukus weer oor die republiek gepraat het.

Mnr. Strydom het die partykoukus se swygbevel oor die republiek op 'n besonder knaphandige wyse omseil. En met behulp van die heuningkwas waarmee hy dr. Malan as republikein voorgeskilder het, het hy laasgenoemde uitgelok om ook iets oor die republiek te sê.

Dit ly geen twyfel dat mnr. Strydom se optrede oulik, baie oulik was nie. En ek kon nie help om in my binneste lekker te lag vir mnr. Strydom se politieke behendigheid nie. Maar tog, partypolitieke oulikheid ten aansien van die republiek sal nie die republiek bring nie. Daarvoor is voortdurende republikeinse voorligting nodig. Derhalwe hoop ek dat mnr. Strydom sy koukus-oulikheid oor die republiek voortaan sal opvolg met landswye verhoog-propaganda vir die republiek.

Ek het beloof om dit in my kolomme bekend te maak sodra H.N.P.-leiers weer oor die republiek praat. En ek is besig om my belofte na te kom. Laat ons noukeurig nagaan wat gebeur het.

### *Die Omseiling van die Swyg-bevel*

Die verrigtinge van die partykoukus is geheim. Maar toe het dit gebeur dat dr. D. F. Malan sewe-en-sewentig jaar oud geword het; en dat die party-koukus vergader het om hom geluk te wens en om aan hom 'n mooi geskenk te oorhandig. Hierdie verrigtinge ten aansien van dr. Malan se verjaardag sou nie geheim wees nie, maar dit sou nogtans koukus-verrigtinge wees. En hoewel die koukus sy lede verbied het om oor die republiek te praat, geld die verbod vanselfsprekend nie die verrigtinge van die koukus as sodanig nie. Van hierdie gulde geleentheid het mnr. Strydom gebruik gemaak. Toe sy beurt kom om dr. Malan geluk te wens, het hy in die koukus oor die republiek gepraat en aangesien daardie besondere verrigtinge van die koukus nie geheim was nie, is sy woorde in die pers gerapporteer. So het hy die swygbevel van die koukus omseil.

### *Dr. Malan Soek Taktvolle en Versigtige Republikeine*

Volgens Die Burger was mnr. Strydom se lof vir dr. Malan soos volg: „Dr. Malan het die interessantste tyd meegemaak.

Hy het die ondergang van die republieke gesien en die totstandkoming van die Unie wat die voorloper van onafhanklikheid was en ook die voorloper van die republiek . . . Dit was onder sy leiding dat die republikeinse ideaal die eerste maal duidelik in die banier van die Nasionale Party geskryf is **en spr. hoop dat daardie ideaal nog onder sy leiding bereik sal word."**

Met hierdie woorde van mnr. Strydom was die koeël deur die kerk. In die koukus van die H.N.P. is die republikeinse ideaal weer 'n keer duidelik gestel. En op so 'n wyse dat die ideaal aan dr. Malan gekoppel is. Dr. Malan sou mos antwoord op hierdie uitlokking van mnr. Strydom. En dr. Malan het geantwoord. Aan die slot van sy bedankingstoespraak het hy ietwat ongeduldig uitgeroep: „Ons sal 'n republiek word. Ons moet hom word." En daarna het hy vermanend laat volg: „Ons moet met takt en versigtigheid op die pad na 'n republiek loop, en sal hom kry sonder revolusie en met instemming van 'n groot deel van die Engelssprekende bevolking."

Nou staan die „taktlose" en „onversigtige" republikeine behoorlik tereggewys." Miskien is die teregwysing juis uitgespreek met die doel dat mnr. Strydom dit in sy pyp moet stop en rook.

Miskien is die verskil tussen 'n „taktlose" en „taktvolle" republikein dat eersgenoemde staan vir 'n republiek afgeskei van die Britse kroon, ryk en statebond en dat laasgenoemde staan vir 'n republiek binne die Britse statebond met behoud van die Britse konneksie en **van Engelse stemme in Suid-Afrika.** Indien dit so is dan skaar ek my onder die „taktlose" republikeine.

Miskien is die verskil tussen „onversigtige" en „versigtige" republikeine dat ersgenoemde voortdurend in die openbaar pleit vir 'n republiek en dat laasgenoemde liewer swyg oor die republiek om tog nie die „Engelse stemme" aanstoot te gee nie. Indien dit so is verkies ek om 'n „onversigtige" republikein te wees.

### *Afrikaners moet die Republiek Eis*

Hoewel ek hoegenaamd nie 'n voorliefde vir „politieke oulikheid" het nie, wil ek tog eerlik wees en rondborstig erken dat ek baie bly is dat mnr. Strydom die gulde geleentheid van dr. Malan se verjaardag te baat geneem het om die kwessie van die republiek in die koukus te berde te bring. Dit is goed dat hy dit gedoen het en ek wens hom van harte geluk dat hy die moed gehad het om dit te doen. Maar dit moet onthou word dat die republiek nie 'n kaart is waarmee politici mekaar in die party-koukus moet troef nie. Die republiek is die lewensbelangrike ideaal van die Afrikanervolk en ware leiers van ons volk moet alles in hulle vermoë doen om 'n vurige liefde vir hierdie ideaal by elke Afrikaner op te wek. Die volk moet geleer word om nie alleen die republikeinse ideaal in sy hart te troetel nie, maar om die bereiking van die ideaal met alle mag na te streef.

Ek weet nie of ek nou taktloos en onversigtig is nie, maar dit lyk vir my, dat, na wat so pas in die koukus gebeur het, parlementslede van die H.N.P. eenvoudig moet beskou dat hulle voortaan weer vry is om vanaf elke openbare verhoog republikeinse propaganda te maak. Ek dink hulle behoort dit te doen sonder om die gevolge van hul optrede te vrees. En ek dink mnr. Strydom behoort die voortou te neem. Laat hom op die eerste die beste volgende openbare vergadering wat hy gaan toespreek die Afrikanervolk oproep om die stigting van 'n republiek in Suid-Afrika te eis. Die hele volk sal die eis ondersteun want die volk is lankal sat en moeg van taktvolle en versigtige papbroekerigheid.

### *Republikeinse Leiers Word Geweeg*

Dit is 'n gemeenplaas om te verklaar dat ons deesdae in gevaarlike tye leef. Dit word oënskynlik nie so algemeen besef dat gevaarlike tye ook moontlikheidsryke tye is nie.

Middelmatige leiers is in gevaarlike tye selfs 'n groot gevaar — want hulle is eenvoudig onbekwaam om die moontlikhede wat ontstaan aan te gryp en te gebruik. As 'n volk in gevaarlike en moontlikheidryke tye daadskugtere leiers het, gaan die geleenthede onbenut verby.

Die historiese geleentheid om 'n republiek te kry in Suid-Afrika het vandag vir die Afrikanervolk aangebreek. Gaan ons leiers taktvol en versigtig in die Britse statebond bly sit?

Die geleenthede van vandag roep luidkeels om 'n republikeinse leier van durf en daad. Wie sal antwoord op die roepstem? Wat maak ander volke?

Die Persiese volk leef ook in gevaarlike tye. Maar oënskynlik is daar in die land 'n daadkragtige nasionale element wat die moontlikhede van die tye insien. Die Persiese volk is besig om besit te neem van sy eie ryk oliebronne en om ontslae te raak van die vreemde Britte wat Persiese rykdom vir geslagte ingepalm het. Is dit taktvol en versigtig as onthou word dat Persië die gevaarlike Rusland tot buurman het? Te oordeel na die houding van die Perse traak dit hulle glad-nie. Hulle verwag dat Rusland sal veg as die Britte en die Amerikaners met geweld in besit wil bly van die Persiese oliebronne; en hulle verwag ter selfdertyd dat die Britte en Amerikaners sal veg as die Russe besit wil neem van die oliebronne. Die Perse ag die tyd derhalwe nou ryp om self besit te neem van hul oliebronne. Dit is wat ek noem gebruikmaking van die moontlikhede wat die gevaarlike tye bied. En ek haal my hoed af vir die poging wat die Perse aanwend.

Ek wil hê dat dieselfde gesindheid — daardie vasberadenheid om moedig jou geleentheid te gebruik — **ook besit moet neem van die Afrikanervolk en van sy leiers.** Sodra dit gebeur voorspel ek die herrysenis van die republiek in Suid-Afrika.

Rig die gevaarlike wêreld waarin ons leef en die moontlikhede wat dit inhou nie 'n uitdaging aan die republikeinse leiers van ons volk nie? Word hulle nie vandag geweeg nie? Ek glo dat dit die geval is.

# VIR DERDE KEER ONDER GALG OMGEDRAAI

**Nadat hulle en hul familie reeds in kennis gestel was dat hulle verlede Vrydag opgehang sou word, het die Amerikaanse regering twee uur voor die teregstelling sou plaasvind opdrag gegee dat die teregstelling van die sewe Duitse veroordeeldes in die Landsberg-tronk nog 'n keer uitgestel moet word.**

**Hierdie veroordeeldes wag al byna drie jaar op hul dood. 'n Paar van hulle is reeds by twee vorige geleenthede tot onder die galg gebring met die tou om die nek, om dan weer teruggeneem te word na hul selle. Hul grafte is geruime tyd gelede al gegrawe — onderwyl 'n appèl van hulle onder verhoor was. Hulle is by die beëindiging van die oorlog ses jaar gelede in hegtenis geneem.**

**Daar sal moeilik 'n langer uitgerekte foltering van veroordeeldes in enige deel van die beskaafde wêreld gevind kan word as hierdie „regspleging" van mense wat 'n oorlog „ter behoud van die Christendom" gewen het.**

# GROOT WANTROUE TEEN BRITTANJE IN V.S.A.

**Die woordestryd oor die ontslag van MacArthur het as neweproduk 'n feit aan die lig gebring wat deur almal in Europa ligtelik oor die hoof gesien is: die teenstelling wat daar tussen Engeland en Amerika bestaan.**

**Hierdie teenstelling is vir 'n groot deel 'n historiese teenstelling wat deur die Amerikaanse skole lewendig gehou is: Die gemeenskaplike stigtingsgeskiedenis van die Verenigde State berus op hierdie teenstelling met Engeland. Engeland was die onderdrukker wat die Amerikaanse kolonies uitgebuit het. Engeland was die tiran wat die vryheidstrewende koloniste hul vryheid weerhou het, en dit was die imperialistiese Engeland teen wie die dappere en vrye manne van Amerika twee bloedige oorloë geveg het. Dit is die les wat klein Amerikanertjies leer, en vanselfsprekend maak dit 'n diepe indruk op hul ganse verdere lewe. Neem daarby nog die groot aantal minderheidsvolke in Amerika soos die Duitsers, die Iere, wat die anti-Britse gevoel van hul moederland meegeneem het (en hierby moet in die jongste tyd ook nog die Jode en Pole gevoeg word) dan begryp mens die krag van die anti-Britse gevoel by 'n groot deel van die Amerikaanse volk.**

Maar nog gewigtiger as die gevoelsfaktore is die teenstelling van belange wat daar in die jongste tyd ontstaan het en wat in hul buitelandse beleid waarneembaar is. Veral het dit in die afsetting van MacArthur duidelik na vore gekom. Vrywel **die hele Amerikaanse pers — en die generaal self nie die minste nie — het die oortuiging uitgespreek dat die afsetting geskied het ingevolge druk wat van uit Londen uitgeoefen is, of ten minste dat die Engelse begeerte in hierdie rigting op nadruklike wyse aan Washington voorgelê is.**

### HANDEL

**Die verklaring is eenvoudig: Engeland stel sy eie handelsbelange in die Verre Ooste hoër as die gemeenskaplike militêre belange met Amerika en ook hoër as die besluite van die V.V.O. waarin Rooi Sjina tot agressor verklaar is.** Nouliks is dit in Amerika openbaar gemaak dat Engeland nie alleen die kommunistiese bewind van Peking erken het, hoewel laasgenoemde se troepe op dieselfde tyd Engelse soldate in Korea doodskiet, of daar is berig dat Engeland amptelik aan Washington voorgestel het dat die twis met Sjina uit die weg geruim moet word deur die toekenning van 'n setel in die V.V.O. en die oorhandiging van Formosa aan die Sjinese kommuniste.

Op hierdie punt staan nie net die beleid van MacArthur nie, maar ook die beleid van Truman lynreg teenoor die Britse, soos ook blyk uit die militêre sending wat deur die Amerikaanse regering na Formosa gestuur is ná die ontslag van MacArthur.

### OOK EUROPA

Maar daar bestaan ook 'n teenstelling tussen die twee lande ten opsigte van Japan. Amerika beoog 'n vrede van gelykberegtiging vir Japan, terwyl Londen in alle omstandighede 'n beperking wil hou op Japan se handel en vloot, en dan ook nog Rooi Sjina wil bysleep by die vredesonderhandelings met Japan.

Die uiteenlopendheid van beleid tussen Amerika en Engeland is nie tot Asië alleen beperk nie, maar geld ook Europa, en veral Duitsland. Amerika besef reeds lankal dat die verdediging van Europa alleen dan moontlik is wanneer dit aan Duitsland geanker is. Dit is alleen moontlik wanneer daarin geslaag sou word om die Duitse volk vir so

*Van Ons Noord-Amerikaanse Korrespondent*

'n beleid vrywillig te wen. **En dit op sy beurt kan alleen geskied indien die Geallieerdes grondig breek met die oogmerke en metodes van 1945/50 en die vernietigingsdoelstelling soos geformuleer in Quebec, Jalta en Potsdam, de facto sowel as de jure uitwis en die versekering aan Duitsland gee dat sy eenheid en vryheid herstel sal word soos dit op 1 Januarie 1938 bestaan het. Alleen dit kan die Duitsers iets gee wat die moeite werd is om voor te veg.**

### LONDEN DAARTEEN

**Maar dit is nie Londen se beleid nie. Engeland sien in die ekonomiese uitskakeling van Duitsland die enigste voordeel van die twee wêreldoorloë wat hom so duur gekos het, en hy stem dus met Frankryk daarin saam dat die verdeling van Duitsland besonder doelmatig is, en dat alleen op dié wyse Wes-Duitsland by Wes-Europa ingelyf en verteer kan word — dat Oos-Duitsland op dergelike wyse deur Sowjet-Rusland ingelyf en verteer word, verskaf aan Londen en Parys bykomende waarborg en genoegdoening.**

### SKEIDING

Dit is duidelik dat die teenstelling van beleid in Washington en Londen ten opsigte van sowel Sjina as Duitsland op 'n skeiding van die weë moet uitloop. Die bedankingsbrief van Bevan uit die Britse kabinet sowel as sy toespraak in die laerhuis het aan die Amerikaanse volk baie duidelik getoon dat die vyandskap teen die Amerikaanse politiek veel dieper in Engeland is as wat uit die diplomatieke handelings van die kabinet blyk. Die uitlating van Bevan dat „ons toegelaat het dat ons agter die radbraak van die Amerikaanse buitelandse politiek aangesleep word" en sy vereenselwiging van die Amerikaanse buitelandse politiek met „die Amerikaanse kapitalisme", is vir die Amerikaners 'n onduldbare uittarting. Die Amerikaanse Kongres en regering is hul bewus van die feit dat Amerika sedert die einde van die oorlog tussen 6 en 7 miljard dollar aan die sosialistiese Engelang geskenk en geleen het en vandag nog moet toesien hoe Engeland uit Maleia en Hongkong 'n bloeiende handel met die vyand dryf **(nog vandag is aan die Kongres meegedeel dat die nuutste vyandsvliegtuie wat afgeskiet is, voorsien is van Britse spuitmotore).**

### BRITSE ONSYDIGHEID

Dit sal egter 'n onderskatting van die buitengewone intelligensie en eersug van Bevan wees om te glo dat hy bloot terwille van Britse bewapening of duurder brilglase en kunstande nou sy afskeid geneem het.

**Die ingeligte Amerikaner is die mening toegedaan dat Bevan hom teruggetrek het met die doel om die onsydigheid van Engeland voor te berei en dat hy hom nou vry gemaak het vir die rol van eerste minister in so 'n neutrale Brittanje.**

In hierdie kringe het daar van die begin af geen vertroue bestaan in die weerstandsvermoë van Frankryk en die Beneluxlande nie, en is die verdere sending van Amerikaanse divisies vir die Eisenhower-leër as nuttelose offers bestry. In sy huidige toestand sal die leër van Eisenhower 'n opmars van die Rooi leër na die Engelse Kanaal miskien 'n paar weke, maar beslis nie 'n paar maande nie, kan vertraag. **Die oomblik dat die Russe aan die kanaal staan, word Engeland onhoudbaar. Elke Engelse en Skotse stad lê binne die trefkring van die Russiese V2-wapens waarvan die punte met atoombomme voorsien is. 'n Russiese ultimatum: onsydigheid of stelselmatige uitwissing kan dan nouliks anders beantwoord word as met die aanname van die onsydigheidseis.**

### BEVAN SE ROL

'n Man soos Bevan is uitgeknip vir die eerste ministerskap van so 'n Britse regering — ook al sou die koning, Churchill, die vloot en die lugmag saam met ander gewillige Britte die stryd vanaf Afrika wil voortsit. Hierdie vertolking van Bevan se uittrede deur goedingeligte Amerikaanse kringe is heeltemal logies, al weet niemand vanselfsprekend tot watter mate sulke oorwegings Bevan beïnvloed het nie. **Dit gee 'n aanduiding van die diepe wantroue wat daar vandag by 'n groot deel van die Amerikaanse volk teenoor Brittanje bestaan.** 'n Deel van hierdie wantroue kan moontlik ondervang word deur 'n Churchill-bewind, maar die ander deel sal alleen tot bedaring gebring kan word deur die beëindiging van die politieke en veral die handelsbetrekkinge tussen Engeland en Rooi Sjina.

## Miljoene Bybels Versprei

1950 was 'n rekordjaar vir die verspreiding van Bybels, volgens 'n verklaring van die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap. **Daar is 1,357,749 volledige Bybels gepubliseer en 1,881,651 gedeeltes van Bybels.**

In Amerika het die Amerikaanse Bybelgenootskap 'n paar weke gelede sy 135ste stigtingsdag herdenk. In hierdie tydperk het die genootskap 38,552,554 volledige Bybels en 367,869,450 gedeeltes van Bybels versprei. Die totaal vir 1950 was 771,221 volledige en 10,345,357 gedeeltes van Bybels.

# UITLATING OOR 'N REPUBLIEK OP VERJAARDAG

**Mnr. J. G. Strydom, van wie berig is dat hy deur die H.N.P.-koukus die swye opgelê is ten opsigte van openbare uitlatings oor die republiek, het verlede week op vernuftige wyse oor die verbod gespring toe hy van 'n gelukwensing aan dr. Malan op laasgenoemde se 77ste verjaardag deur die koukus gebruik gemaak het om sy geloof aan die republikeinse ideaal te bevestig en sodoende ook dr. Malan gedwing het om 'n uitlating in dié opsig te doen.**

Die koukus van die H.N.P. het 'n geskenk aan dr. Malan oorhandig en min. Strydom het as Transvaalse leier hulde gebring waarin hy verwys het na dr. Malan se aandeel onder meer ook aan die bevordering van die republikeinse ideaal. **„Dit was onder sy leiding dat die republikeinse ideaal die eerstemaal duidelik in die banier van die Nasionale Party geskryf is en ek hoop dat daardie ideaal nog onder sy leiding bereik sal word,"** het mnr. Strydom gesê. **Hierop het dr. Malan in sy toespraak geantwoord:**


**„Ons sal 'n republiek word. Ons moet hom word. Ons sal nooit loskom van verdeelde lojaliteit by 'n deel van ons volk solank ons nie 'n regeringsvorm het wat geheel ons eie is en totdat ons ons losmaak van wat buite is nie. Ons sal alleen van verdeelde lojaliteit loskom as ons 'n republiek is. Ons moet met takt en versigtigheid op die pad na 'n republiek loop en sal hom kry sonder revolusie en met instemming van 'n groot deel van die Engelssprekendes."**

(Lees ook ons hoofartikel).

## ‚Pieter die Grote' Verkoop Nou Motorkarre

Oud-koning Pieter van Joego-Slawië, wat indertyd deur genl. Smuts „Pieter die Grote" genoem is toe hy die Duitsers weerstaan het, het besluit om saam met sy eggenote in New York werk aan te neem ten einde 'n bestaan te maak. Hy sal behulpsaam wees met die verkoop van motorkarre terwyl die koningin rokke sal ontwerp.

**„Pieter die Grote" is nog een van die baie slagoffers van die Geallieerde oorwinning. Hy is deur die Geallieerdes se kommunistiese bondgenote uit sy land verdryf.**

Waar u ook mag wees

Kommando

—die gewildste

Suid-Afrikaanse sigaret




GI-3056 AF

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**

(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**

Eerste plasing 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B."** (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

### FLUKSE BOER NODIG

**Bewerkte plaas,** 20 morge onder vaste water; koejawel- en pruimboord kom vanjaar in volle drag; naby inmaak-fabriek, dorp en spoorweg, met goeie woonhuis, bied groot moontlikhede vir iemand wat dit om die helfte wil aanneem en boerdery uitbrei. Doen aansoek by: ADVERTEERDER, Posbus 1411, Kaapstad. 30/5/TK

### TE KOOP GEVRA

**Twee swaar trekperde.** Percheron of Clydesdale. Skryf aan: Adverteerder, Posbus 1411, Kaapstad.

### MEUBELS

**MEUBELS.—** Beter meubels teen billiker pryse Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. **—VISSER-MEUBELS, Langstraat 179, Kaapstad.** 3/12/11

### GRYSHARE

**GRYSHARE** herstel, skilfers verwyder, haregroei bevorder, jongvoorkoms verseker, dit waarborg **GRYSHAARWONDER,** die jongste kunsmatige wêreldwonder haar- en kopvel voedingsmiddel u, skadeloos, kleurstofvry, 5/- per bottel geld met bestelling. **Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.** C/1/9/49

**Antigrys herstel gryshare en baard** tot natuurlike kleur. Geen kleurstof. Verwyder skilfers, laat hare groei, ens. Gewaarborg of geld terug. 5/6 Per bottel, posvry. Kontant met bestelling. **Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg.** E14/6/50

### MEDISYNE

**Verwyder die wortel van u kwaal** of siekte en herstel u regmatige erfenis GESONDHEID, ons beskik oor die middels en behandel alle siektes, skryf, inligting gratis.—**Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.** A/1/9/49

**Duisende is reeds van hulle kwale** bevry. Talle vind daagliks baat. Waarom sal u langer ly. Skryf dadelik, raadpleeg **Die Boerevrou,** Bus 7559, Johannesburg. (Nr. 3) 1/9/49

**BEHANDELING GRATIS. — Ons is** daar so oortuig van dat ons 'n egte Suid-Afrikaanse geneesmiddel vir Rumatiek, Lendepyn, Heupjig en verwante kwale ontdek het, dat ons 'n gratis proefmonster aan enige lyer sal stuur. — Stuur 1/6 vir posgeld, ens., aan: ANDREWS SE PYNPLEISTERS, Posbus 775, Pretoria. 6/12/5

### RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435

## K.W.V. ALGEMENE JAARVERGADERING

**Die 33ste Algemene Jaarvergadering van Aandeelhouers van die K.W.V.**

*sal om 10 uur vm. op*

**VRYDAG, 15 JUNIE**

*in die*

**STADSAAL, PAARL**

*gehou word*

**Vir Meubels en Radios Phil Morkel is U man!**

**Besoek ons Tak in die Wandelgang, Groote Kerk-gebou, vir Radio's, Elektriese Toestelle en Meubels. Skryf aan ons Posbestellingsafdeling, Phil Morkel, Posbus 2721, Kaapstad.**

## Teken in op DIE O.B.!

**Suid-Afrika is vandag 'n Koninkryk onder 'n Britse koning:**

**DIE O.B. veg vir 'n Republiek onder 'n Afrikaanse President.**

**DIE O.B.**

- **Verwerp die Partystelsel wat die volk verdeel en veg vir die Partylose Eenheidstaat.**
- **Verwerp verteenwoordiging deur handlangers van politieke partye en veg vir regering deur vrye volksverteenwoordigers en deskundige beroepsverteenwoordigers.**
- **Verwerp die Kapitalisme en veg vir 'n Afrikaner-volksekonomie.**
- **Verwerp die politieke, maatskaplike en ekonomiese integrasie van die nie-blanke en veg vir territoriale apartheid.**

**DIE O.B. wil 'n vrye, eensgesinde, en welvarende S.A. bou.**

**DIE O.B. se ideaal is ook u ideaal. Help om dit te verwesenlik.**

### Intekenvorm

***Neem asseblief my naam op as intekenaar op „Die O.B." tot ek u in kennis stel om toesending te staak.***

***Hierby ingesluit vind u die bedrag van....................***

***.............................vir die eerste...................maande.***

***NAAM*............................................................**

**(Naam en Adres in Blokletters)**

***POSADRES*.......................................................**

**....................................................................**

**....................................................................**

**....................................................................**

***Handtekening.***

**Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/3 per halfjaar.**

**Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.**


# ‚Juweeltjies' uit Hansard: „Slegte Opposisie En Vrot Regering"

**'n Groot deel van die tyd — waarskynlik die oorgrote deel van die tyd in die parlement word gebruik nie om die landsbelange te bevorder deur middel van kalme beraad of opbouende kritiek nie, maar word in 'n atmosfeer van vitterige geskarrel verknaag deur „Sy Majesteit se Opposisie en Regering, wat ooreenkomstig die Britse stelsel wat ons hier handhaaf, van die vroeë oggend tot die late aand gewikkel is in 'n getwis met die oog op besit van die groen regeringskussings. Hieronder volg nog iets daarvan, soos aangeteken in Hansard:**

DIE MINISTER VAN FINANSIES: Ek weet ook wat die taktieke van die Opposisie is in verband met hierdie wetsontwerp; ek is daarvan verwittig.

MNR. LAWRENCE: Die Minister van Finansies sê dat hy weet wat die taktieke van die Opposisie is. Ek weet nie wat die Minister bedoel met dit te sê nie. Hy weet dat ons hierdie wetsontwerp gaan bestry. Is hy verbaas daaroor?

DIE MINISTER VAN FINANSIES: Nee, ek is glad nie verbaas nie.

MNR. LAWRENCE: Moet die Opposisie nou vrees aangejaag word, net soos die Eerste Minister probeer om die hof die vrees aan te jaag? Nee, mnr. die Speaker, ons gaan nie skrik vir hierdie soort ding nie. Ek weet dat die Minister van Finansies dit nie sal probeer nie, maar die Minister van Binnelandse Sake sal. Die Gauleiterhoofsweep wat vanmiddag gepraat het, het probeer om die saak 'n ander voorkoms te gee; maar ons gaan nie daarvoor skrik nie. Laat my vanmiddag dit sê aan my agb. vriend, die Minister van Finansies. Hy kan dit van my aanneem en hy kan dit aanneem van elke lid van hierdie kant van die Raad.

MAJ. VAN DER BYL: Hulle soek moeilikheid.

MNR. LAWRENCE: As u na moeilikheid soek, sal ons dit aan u gee, en dit is 'n dreigement, maar ek wil nie daardie dreigement maak nie.

DIE MINISTER VAN FINANSIES: Dit is 'n dreigement, maar ek het dit geweet voordat u die dreigement gemaak het. Ek is daarvan verwittig.

DIE SPEAKER: Orde, Orde! Net een lid op 'n keer.

MNR. LAWRENCE: Ons is getart, mnr. die Speaker, maar laat my my agb. vriend daaraan herinner dat ons aan hierdie kant van die Raad altyd redelik was.

AGB. LEDE: Wat! . . .

### „ONS PLIG"

. . . MNR. LAWRENCE: My agb. vriend moet nie verdraai wat ek gesê het nie. Ek het dit gesê, en herhaal dit: As die agb. here van die Regering en op die Regeringsbanke dink dat hulle lede van hierdie Opposisie die skrik op die lyf gaan jaag om 'n kinderagtige stilswye en 'n pap Opposisie te wees in verband met hierdie wetsontwerp, dan maak hulle 'n fout; en as hulle moeilikheid gaan soek, sal hulle dit kry. Maar ons is tog seker geregtig om ons plig te doen teenoor ons kiesers, om uiting te gee aan die gevoel van die land en om 'n redelike saak teen hierdie wetsontwerp te stel . . .

. . . MNR. MUSHET: Ek is vanmiddag om halfeen gevra om te kyk na ons lys sprekers. Ons het 'n lys belangrike sprekers gehad; inderdaad so 'n belangrike lys dat ek een van die sprekers was. Toe die saak aan my gestel is dat die Minister dadelik sy antwoord wou gee, het ek onmiddellik ingestem in oorleg met ons Swepe, dat al hierdie toesprake dadelik uitgewis word.

### NOENMAAL

DIE MINISTER VAN BINNELANDSE SAKE: Ek het nie daarom gevra nie. Hulle het my gevra; die Swepe het dit aan my kom sê.

DIE MINISTER VAN LANDE: U het u noenmaal geniet.

MNR. MUSHET: Ek praat nie van my noenmaal nie. Ek praat van wat ons gedoen het om u tegemoet te kom . . .

. . . MNR. WARING: Die Minister van Finansies gee die Raad die indruk dat die Opposisie onredelik is. Dit is nie waar nie.

KOMDT. PIETERSE: Hulle was nog nooit iets anders nie.

MNR. WARING: Ek vra agb. lede wie die Opposisie was toe hierdie party aan bewind was. Ek vra die Swepe van die Regeringsparty . . .

MNR. J. G. W. VAN NIEKERK: Wat van die valbyl wat julle toegepas het?

MNR. WARING: Die agb. lid maak melding van die valbyl. Ons party het die valbyl aanvaar in Begrotingskomitee. Die Begrotingskomitee is beperk tot 125 uur. In die ou dae het die lede aan die oorkant wat toe in Opposisie was, beswaar gemaak teen die valbyl in Begrotingskomitee.

DIE MINISTER VAN VERVOER: Moenie onsin praat nie; ek het dit aan die gang gesit.

MNR. WARING: Ek kan Hansard aanhaal om te bewys dat daar 'n hoofdelike stemming was oor die valbyl in Begrotingskomitee nadat die verskillende Swepe dit gereël het . . .

### „NEEM DIT KALM"

. . . MNR. STUART: Ek weet wat die gevoelens is van die agb. lede wat hier gespreek het, en die Minister is natuurlik moeilik gemaak deur die sterk opmerkings wat van die agb. lid vir Soutrivier (mnr. Lawrence) gekom het. Ek doen 'n

(vervolg op bladsy 6 kolom 3)

*Ander Se Menings*

# L.V.'s en Ministers Se Stryd Teen Lewensduurte

**Sekere geldelike verligting wat in die jongste tyd aan parlementslede en ministers toegestaan is, bied geen oplossing vir die fundamentele moeilikheid dat die toelae van parlementslede en die salarisse van ministers ontoereikend is nie, skryf Die Transvaler.**

**'n Deel van die parlementêre toelaag is van belasting vrygestel en aan ministers is heel onlangs die vergunning van vrye woning verleen, wat in individuele gevalle van £15 tot £22 10s. per maand beteken.** Tans is 'n gekose komitee benoem om in te gaan op die moontlikheid om 'n pensioenskema vir parlementslede in die lewe te roep.

Van die drie hier genoemde verligtinge kan slegs die laaste as maatreël van permanente deug aanbeveel word, aldus die blad wat dan voortgaan deur te verklaar dat die parlementêre toelae veels te klein is en hersiening nodig het **„egter met inagneming van 'n veiligheidsgrens om baantjiesoekers as sodanig, blote beroepspolitikusse sonder meer, doeltreffend uit die raadsale van die land te weer.**

„Wat die besoldiging van Ministers betref, is dit miskien nie algemeen bekend nie dat 'n minister vandag nog presies net soveel ontvang as 'n minister in 1910. Daar was in die tussentyd selfs 'n vermindering van £500, maar dit is in 1946 tot die oorspronklike bedrag van £3,000 teruggebring. Terwyl salarisse allerweë gestyg het (en ten minste een hoofamptenaar aansienlik meer as sy hoof, die minister, ontvang!) behoort dit so duidelik as daglig te wees dat 'n verhoging van ministeriële salarisse al baie lank agterstallig is."

## Belastingbetaler Se Standpunt

**Na aanleiding van die vryskelding van huishuur aan ministers skryf J. M. Anderson in die Argus:**

„Dit was baie gaaf en grootgeestig van u om op te kom vir die ministers wat besluit het om die amptelike wonings vir hulself vry te stel van huur, maar ek vrees u argumente sal 'n groot aantal belastingsbetalers nie tevrede stel nie. Per slot van sake is 'n jaarlikse salaris van £3,000, waarvan 'n gedeelte vrygestel is van inkomstebelasting, 'n mooi basiese inkomste, en daar is baie min van ons ministers wat nie 'n private inkomste het uit boerdery en beleggings nie.

„In baie gevalle was die huur wat hulle betaal het, slegs nominaal, wat op sigself al 'n toegewing is wat niemand deesdae kan versmaai nie.

„Dit is nogal bitter vir die belastingbetaler in die middelmatige inkomstegroepe, wat dit al moeiliker vind om uit te kom, laat staan nog te praat van iets te spaar vir die slegte dae, om daaraan te dink dat hy moet bydra tot die verligting waaraan die ministers hulself gehelp het. **In hierdie moeilike dae rus daar 'n swaar verantwoordelikheid op ons leiers om 'n voorbeeld te stel om met blymoedigheid die swarighede van die lewe te dra, en nie om hulself met buitengewone voorregte te belaai nie."**

# NET RUSLAND VEG MET POLITIEKE WAPENS—EN BYGESTAAN DEUR WESTE

**Volgens politieke waarnemers wat met gesag kan praat, het die Weste vandag 'n sterker wapen as die atoombom teen Rusland, en dit is politieke oorlog. Daar word gewys op die groot bevolkingsdele onder Russiese beheer, sowel in Rusland self as sy Oos-Europese satelietlande, wat diep afkerig is van Moskou en dus 'n vrugbare aarde vorm vir anti-Russiese propaganda. Verre daarvan om gebruik te maak van hierdie Achilleshiel is die Wes-Europese lande nog steeds besig om aan Rusland hulp te verleen om politieke oorlog in hul eie boesem te voer, soos onder meer in die geval van Spanje waar Spaanse kommuniste nog steeds toegelaat word om vanaf Franse bodem ondermynende propaganda na Spanje uit te saai.**

In Sjina het die Weste die stryd teen Rusland verloor omdat die Weste gehelp het om kommunistiese propaganda teen die christelike Sjinese leier Tsjiang Kaisjek te versprei en hom uiteindelik in die steek te laat met die naïewe verskoning dat die Sjinese kommuniste maar net goeie landhervormers is. **Vandag sneuwel Britse en Amerikaanse — en ook Suid-Afrikaanse seuns — voor die geweerlope van hierdie „goeie landhervormers."**

### PERSIË

Ook in Persië, waar daar tans 'n uiters gevaarlike toestand vir die Weste ontwikkel het, is geen ag geslaan op die waarde van politieke oorlog teen Rusland nie. Onderwyl die Britte op selftevrede wyse voortgegaan het om die land vir hul eie gewin uit te buit het Rusland sy politieke oorlog daar gevoer en die Persiese volk dermate na sy kant oorgehaal dat die Weste tans baie naby voor die keuse staan om òf sy oliebronne aan Rusland af te staan òf dit teen die prys van 'n wêreldoorlog te behou.

### VOORBEELD

In watter mate kommunistiese agente die politieke oorlog in Persië voer, blyk uit onderstaande beskrywing deur 'n korrespondent van Time:

„Kommunistiese sprekers het die groot skare (in Teheran) waansinnig gemaak met slagspreuke soos: ‚Lank lewe die groot volk van Sjina, die vryheidsliewende volk van Korea . . . Amerikaanse tenks en Britse kruisers kan ons nie ondersit nie.'

„Toe het die Meidag-voorsitter na vore gestap en in die luidspreker geskreeu: **‚Ons groet die heldhaftige volke van Sowjet-Rusland wat aan die spits staan van die demokratiese stryd!**

### WORD MAL

„Vyf-en-dertigduisend Perse op die plein het mal geword. 'n Geweldige golf van geluid het oor die donker plein gerol en teen die mure aangeslaan. Die mensemassa het 'n draaiende ding geword wat gekrul en gemaal het van opgewondenheid. **Vyf-en-dertigduisend vuiste het die lug ingeskiet.**

Vanwaar hy op die verhoog gestaan het met 'n beeld van die aarde waarop net die helfte sonder die Weste geskilder was, het die spreker dieselfde woorde weer uitgeskreeu, en nog 'n keer het die massa in waansin uitgebreek. Nog drie keer het hy dieselfde woorde herhaal: ‚Ons groet die heldhaftige volke van die Sowjet-Rusland,' en elke keer het die skare hom byna van die verhoog af geskreeu.

### OORWINNINGSLIED

**„In daardie skreeuende massa kon ek die oorwinnigstem van die vyand weereens sy oorwinningslied hoor sing. Persië is nog nie agter die ystergordyn nie, maar die Sowjet het hom baie gevaarlik sag gemaak vir verowering."**

Terwyl dit die beleid van Rusland — reeds gedurende die oorlog al — was om sy Ystergordyn so ver moontlik na die weste te verskuif, was dit tot nog toe die beleid van Westerse lande soos Brittanje en Frankryk om soveel ondersteuners en potensiële ondersteuners as moontlik agter die Russiese Ystergordyn in te jaag. **Die treffendste bewys hiervoor is die beleid teenoor Spanje ten opsigte van wie Brittanje en Frankryk nog steeds 'n beleid van openlike vyandigheid gevoer het.** In dié verband verklaar Intelligence Digest:

### DWAASHEDE

„Hierdie mense skyn nie te besef watter skade hulle die veiligheid van die Weste aandoen met hul speldeprikke in die Spaanse nasietrots nie. Hulle hoop blykbaar dat Spanje om vriendskap sal kom bedel. **Hulle kan nie groter dwaal nie."**

Die blad noem verder die toelating deur die Franse van 'n anti-Spaanse radio op Franse gebied as een van die dinge wat sake nie sal bevorder nie.

**Die blad verwys ook na die uiterste dwase optrede van die Geallieerdes aan die einde van die oorlog toe hulle die Russiese rebelle onder leiding van genl. Vlasof aan Stalin uitgelewer het wat hulle òf laat doodskiet òf in slawekampe in Siberië gewerp het. „Vlasof se lot is 'n bewys, so verklaar Russiese onvergenoegdes, dat die demokrasieë onbewus is van die werklike sake op die spel." Vertroue in die Weste is deur hierdie daad diep geskok in anti-Stalin-gesinde groepe en binne en buite Rusland, verklaar die blad.**

**Van politieke oorlog teen Rusland is daar nog geen sprake nie.**

---

Mnr. I. J. Olivier, L.V. vir Kuruman, is deur die regering aangestel in opvolging van mnr. J. G. Carinus as administrateur van Kaapland vanaf Augustus.

# VOLHARDENDE YWER VIR REPUBLIEK NOODSAAKLIK

**„Dit word meer en meer duidelik dat die konneksie met die Gemenebes vir ons groot gevare inhou. Dit het nou weer tot openbaring gekom in verband met die Goudkus-affêre, waar stemreg gegee word aan barbare wat hul naam nie kan teken nie! En dan is daar nog die vooruitsig dat hierdie staat ook lid van die Gemenebes kan word," skryf prof. S. du Toit in die jongste uitgawe van die tweemaandelikse tydskrif Koers. Hy gaan voort:**

„Dr. Malan het 'n knuppel in die hoenderhok van statebondsbetrekkinge met sy verklaring oor hierdie saak gewerp. Vername waardigheidsbekleders het met hom saamgestem. Tegelykertyd het hy ook daarop gewys dat lede van die Statebond via die V.V.O. teen ander lede optree (Indië versus S.A.).

**'n Mens wil hoop dat hierdie dinge ons eerste minister tot ander insigte sal laat kom met betrekking tot sy ideaal van 'n Republiek binne die Britse Statebond. Hoe jammer tog dat al ons leiers nie eenstemmig kan verklaar nie: Slegs die pad van Ierland! Dit was vir ons 'n bitter teleurstelling dat min. Dönges teenoor die Iere sy spyt kon uitspreek dat hulle nie ook maar lid van die Statebond is nie! Daar is maar een weg: volhardende propaganda vir ons ideaal."**

Die skrywer verwys origens ook na die ekonomiese welvaart op nywerheids- en boerderygebied in ons land, en verklaar: „Daar is loflike voorbeelde van offervaardigheid in diens van volk en kerk, maar die Mammon het in baie gevalle ook maar weer sy wierook geëis sodat die hoë pryse vir menigeen nie 'n seën sal wees nie, maar die teendeel. Van 'n innerlike wedergeboorte van die volksiel sal niks teregkom as hierdie gees hoogty vier nie. Die volk moet weer terug na die wet en getuienis.

# Britte Kruip In Ten Spyte Van Afjakke

**Die vernederende figuur wat Brittanje ten opsigte van Sjina slaan, is besig om na 'n klimaks te beweeg.** Terwille van sy handelsbelange in daardie wêrelddeel het Brittanje hom gehaas om die kommunistiese bewind van Mao Tse-toeng te erken en het hy tot 'n paar weke gelede nog oorlogsmateriaal na Sjina uitgevoer en in die V.V.O. dring hy nog steeds aan op 'n sitplek vir die rooi Sjinese diktator.

Hierdie gekruip aan die voete van Mao Tse-toeng het egter nie verhinder dat laasgenoemde Brittanje met die grootste minagting behandel het nie. Die een Britse konsul na die ander moes uit Sjina padgee totdat daar nog net drie oor was. Verlede week het die vernedering vir Brittanje nog groter geword toe die Sjinese minister van buitelandse sake Brittanje openlik as „'n vyand van Sjina" bestempel het. Hy het gesê dat Birttanje hom lankal as 'n vyand van die Sjinese „volksrepubliek" geopenbaar het.

Die wêreld wonder nou net hoe dik presies Brittanje se vel is.

# HULDE AAN 'N ONTSLAPENE

Hiermee wil ons, die lede van die O.B. Kommando van Pearston, 'n kransie lê op die graf van ons ontslape kameraad, mev. Hettie Froehlich van Prospect.

Haar heengaan is vir ons 'n baie gevoelige slag. Sy was seker een van die eerste lede wat aangesluit het by die O.B. Van die eerste bestaan van die beweging hier, het sy as offisier gedien, veldkornette en vir die laaste jare adjudante. Haar pligsgetrouheid en vriendelikheid het haar alom bemind gemaak. Sy was van rotsvaste beginsels, en die lewe van al ons werksaamhede en funksies. Ons sal haar baie mis; haar plek sal leeg bly tussen ons.

Hiermee betuig ons ook ons innige meegevoel aan haar eggenoot, seun en dogter. Soos in die verlede wil ons hulle verseker van ons opregte toegeneentheid. Altoos tot hulle diens as hulle ons nodig het.

(Ingestuur namens Pearston se O.B.-Kommando).


'n Uitrusting
Om Mee
Te Spog
VAN
Steyns
Parow

O.B. JAARGANGE
JAARGANG 1949—1950
Nou verkrygbaar teen £1 5s. elk.
PRAGTIG INGEBIND
*VOORRAAD BAIE BEPERK*
BESTEL DUS DADELIK BY:
VOORSLAG (EDMS.) BPK.
Groote Kerk-gebou 703 — Kaapstad

BRILLE
Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons.
GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.
GEHOORAPPARAAT
OOK IN VOORRAAD
Die Voortrekker-Apteek
Kerklaan, KAAPSTAD.
Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.
Besoek ons of skryf om Besonderhede.

NET 'N PAAR ITEMS
om u in staat te stel om ons pryse te vergelyk
Boston Potlood-skerpmakers ... ... ... ... ... @ 15/- elk
Mercury Draadheg-masjiene ... ... ... ... ... @ 29/6 elk
Dubbele Glas-Inkpotte ... ... ... ... ... ... ... ... @ 6/9 elk
Afrolpapier, 13 dm. x 8 dm. ... ... ... ... @ 7/- per Riem
Tikpapier, 13 dm. x 8 dm. ... ... ... ... @ 7/8 per Riem
Tikpapier, 10 dm. x 8 dm. ... ... ... ... @ 5/7 per Riem
Losblad Grootboeke — alle groottes in voorraad,
pryse vanaf £3/5/-
*Alle Kantoorbenodigdhede voorradig — Dit sal u betaal om u volgende bestelling by ons te plaas.*
SOLMS VAN NIEKERK (EDMS.) BPK.
Groote Kerkgebou 322, KAAPSTAD - Telefoon 2-7071

# Ossewabrandwag Volg Op Verdeeldheid

(Vervolg van bladsy 1 kol. 3)

tye my as lid laat inskryf nie. My simpatie was met Fagan se standpunt. Trouens, ek het hom beweeg om as onafhanklike die setel te betwis.

Die gaping in nasionaalgesinde geledere het sedert die vereniging van die Nasionale Party en die S.A. Party steeds groter geword en soseer sodat van die herstigte Nasionale Party se kant beswaar gemaak was teen die voorgestelde hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument of redevoering by die geleentheid deur genl. Hertzog.

### DAGERAAD

**Toe breek die dageraad weereens aan. Die simbolisie trek na 'n vrye volkstaat het die Afrikanervolk, soos geen ander gebeurtenis nie, so aangegryp dat 'n mens dit 'n bedevaart van 'n volk in 'n massa-optog na sy eindbestemming kon beskrywe. Ondanks die verdeeldheid en partygetwis was die volk in hierdie vryheidsbedevaart verenigd en versoen. Dit was 'n wonderlike openbaring van die goeie in die volksboesem. Die besieling was onbevange, en onbeperk. Die volk het homself vasgeklem aan sy vryheidsideaal. Dit het in hom tog behoue gebly.**

**Meer as die politieke partystryd het die volk gevoel was nodig. Die republikeinse ideaal moes organisatories na 'n beslissing gevoer word. En uit hierdie besef ontstaan die Ossewabrandwag wat gegroei het tot die grootste organisasie wat Suid-Afrika ooit geken het. „Ek het altyd gevoel," aldus dr. Malan, „dat die party alleen nie die vryheid kan bring nie. Daar moet langs hom 'n volksbeweging wees en ek meen dat ek dit in die Ossewabrandwag sien."** By sy duisende het die mense vir die O.B. ingeskryf, soveel sodat die bestuur 'n sluitingsdatum moes vasstel.

### OORLOG

In hierdie ontwakingstydstip, met die blik op die lig voor in die wapad, verrys die donker wolke van 'n naderende wêreldoorlog. Suid-Afrika moet kies om vry te word of vaster te klem aan die Britse Ryk. Genl. Hertzog as eerste minister verklaar hom ten gunste van neutraliteit. Sy kabinet besluit met 'n meerderheid van stemme teen sy beleid. Spannende oomblikke wat die gemoedere hoog laat loop, volg daarop. Hoe moet hy sy standpunt handhaaf wat dan ook dié van die ganse nasionaalgesinde Afrikanerdom is, insluitende sy teenstanders in die Nasionale Party wat hom hul onvoorwaardelike steun beloof het as hy vas bly staan, was die vraag.

### SELFS GEWELD

Dit was 'n Vrydag toe die gerugte van die kabinetskrisis bekend word. Gemoedere laai op. Planne word beraam om die Hertzog-bewind te behou. Organisasies en individue stuur boodskappe van bystand in wat ook mag gebeur. Mense was bereid om desnoods met geweld genl. Hertzog se bewind te handhaaf. Genl. Wynand Malan was net uit Oos-Afrika in Kaapstad. Ek bespreek met hom die saak en vra hom om dadelik namens my na genl. Hertzog se woning te gaan en hom te vra om nie pad te gee nie en vir hom te sê dat ons bereid is om sy gesag te handhaaf as dit nodig mag blyk. Dieselfde is aan Pirow deur ander te kenne gegee. **Dit was onprakties omdat aan die hoof van die leër en die gereg Britsgesindes gestaan het; is ons gesê. En wat genl. Hertzog betref, was dit 'n konstitusionele kwessie. Ek glo stellig dat hy nie verwag het dat die goewerneur-generaal Smuts sou vra om die leisels te vat sonder 'n verkiesing eers te hou nie.**

### GOEWERNEUR-GENERAAL

En hieruit blyk nou duidelik dat wat politici ookal mag beweer, of glo, hierdie gebeurtenis bewys dat die Koning se verteenwoordiger in Suid-Afrika **nie onpartydig kan wees wanneer dit 'n geskil geld tussen die Koning en sy eerste minister nie.** Die Koning deur sy plaaslike verteenwoordiger, die goewerneur-generaal het in hierdie geval buite die sg. demokratiese beginsel of gebruik gehandel en **hom nie laat lei deur sy eerste minister in S.A. nie.** Die Status- en Seëlwet se gees, soos ons dit vertolk, om die minste te sê, is hier geskend. **En ons het geen versekering daarteen dat die koning deur sy verteenwoordiger ook weer in die toekoms sal kies wat Engeland pas en nie Suid-Afrika nie.**

Suid-Afrika tree toe tot die hulp van Engeland om Stalin op die wêreldtroon te plaas.

In Suid-Afrika verenig Afrikaner kragte. Hertzog en Malan tree tot één parlementêre party toe. Die Ossewabrandwag skaar hom aan hul kant. Groter slaankrag het die volk nooit in sy geskiedenis gehad as met hierdie verenigde kragte nie. Helaas.

### TWEEDRAG

Tekens van onderlinge tweedrag word gou so duidelik dat ek as waarnemende leier van die O.B. en in oorleg met dr. Malan in 'n publieke toespraak moes waarsku teen afbrokkeling en sê dat as nasionaalgesindes uitspring en die Nasionale Party in die rug probeer aanval, ons diesulkes met 'n sambok terug in nasionale geledere sou dryf. Die jingowêreld het moord geskreeu. Smith met sy O.B. wil mense met die sambok slaan! My is die bynaam van Sambok Smith gegee en spotprente in jingo-koerante het my soos 'n Meksikaan met 'n vreeslike sweep voorop 'n wa afgebeeld.

(Word Vervolg.)

# Unie Nou Sonder Volkslied ?

**By geleentheid van die militêre parades wat op Uniedag op agt plekke in die land sal plaasvind — vir die eerste keer sedert die uitbreek van die oorlog in 1939 — sal daar geen volkslied gesing of gespeel word nie.**

**As rede vir hierdie eienaardige reëling word na die feit verwys dat in 1938 heftige verskil geheers het oor die vraag watter volkslied gespeel moet word. Ten einde 'n herhaling te voorkom het die regering besluit om hierdie keer — dertien jaar later — liewer geen volkslied te speel nie.**

In die program van aksie van die Herenigde Nasionale Party, soos gepubliseer in 1941, staan onder artikel 4 (e) dat die party hom „in ooreenstemming met sy republikeinse doelstelling" sal beywer vir:

„Die offisiële en uitsluitende erkenning van ,Die Stem van Suid-Afrika' as ons eie Suid-Afrikaanse Volkslied."

# ,Juweeltjies' uit Hansard

(vervolg van bladsy 4 kolom 5)

beroep op die Minister om dit kalm op te neem.

MNR. RUSSELL: Ek is oortuig dat u, mnr. die Speaker, sowel as enige ander lid van die Raad geskok moes gewees het om te hoor, komende van die agb. lid vir Senekal (komdt. Pieterse), die ware stem van die stormjaer . . . (Tussenwerpsels). Wat het hy gesê? Hy het gesê . . . (Tussenwerpsels).

DIE SPEAKER: Orde, orde! Die agb. lid mag nie daaroor praat nie. Hy moet hom aan die reëls hou.

MNR. RUSSELL: In die loop van die bespreking oor hierdie mosie het die agb. lid gesê: „Laat ons die tweede lesing nou neem."

DIE SPEAKER: Orde, orde! Dit is nie die mosie voor die Raad nie. Daar is geen mosie voor die Raad dat die tweede lesing nou moet plaasvind nie.

MNR. RUSSELL: Wel, mnr. die Speaker, dit is baie jammer dat hy nie betyds gekeer is nie . . . (Tussenwerpsels).

DIE SPEAKER: Orde, orde!

'N AGB. LID: Dit is 'n refleksie op die Stoel.

### „SY MAJESTEIT SE OPPOSISIE"

MNR. RUSSELL: Ek beweer . . .

DIE MINISTER VAN VERVOER: Mnr. die Speaker, ek neem aan dat die agb. lid vir Woodstock (mnr. Russell) met die opmerking dat dit baie jammer is dat 'n sekere agb. lid nie tot orde geroep is nie, 'n refleksie op die Stoel maak, en ek vra u uitspraak of dit in orde is of nie.

DIE SPEAKER: Die agb. lid moet dit terugtrek.

MNR. RUSSELL: Ek trek terug, maar ek beweer tog, mnr. die Speaker, dat hy 'n volkome afskuwelike opmerking gemaak het . . . (Tussenwerpsels). Dit gebeur dikwels, en dit gebeur al meer in hierdie Parlement. Uit daardie hoek van die Raad kom die mees verstommende . .

DIE SPEAKER: Orde, orde!

MNR. RUSSELL: Mag ek sê dat ek verstom was oor die opvatting van die agb. Minister van Pos- en Telegraafwese, 'n gewese Speaker, toe hy ons berispe het dat ons 'n debat in hierdie Raad voortsit oor 'n mosie wat in die Raad ingedien is. Ontsê die agb. Minister aan ons die reg om te praat oor 'n mosie wat in hierdie Raad ingedien is? Gee hy dit te kenne? **Is dit nie ons wat Sy Majesteit se Opposisie in hierdie Raad is nie?** Is dit nie ons . . .

'N AGB. LID: Wat 'n slegte Opposisie is nie.

MNR. RUSSELL: 'n Slegte Opposisie! Hier probeer hulle om ons aan te por, om ons te muilband, om ons stil te hou, om ons onder die valbyl te plaas, en ons nie tyd te gee om wetsontwerpe te bestudeer nie. Dit is die manier waarop hulle dink dat ons 'n slegte Opposisie is. Mnr. die Speaker, daar is grade van sleg, en as ons 'n slegte Opposisie is, dan is hulle 'n vrot Regering . . . (Tussenwerpsels).

# Unie En Spanje Skep Betrekkinge

Regstreekse diplomatieke betrekkinge tussen die Unie en Spanje sal in die nabye toekoms daargestel word, volgens 'n aankondiging van die departement van buitelandse sake. Voorheen is met Spanje onderhandel deur middel van die hoë kommissaris in Londen.

# Nuwe Wapen Verswelg Vyand

**'n Nuwe wapen is, volgens berig word, deur die Amerikaners in Korea gebruik. 'n Korrespondent wat dit gesien het, berig dat 'n offisier 'n bevel gegee het toe tien Sjinese soldate op hulle afgestorm het. Onmiddellik daarna was die tien Sjinese in vlamme gehul wat so hoog as 200 voet die lug ingeskiet het. Niks het van die Sjinese oorgebly nie.**

**„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.**

# Dr. Steyn Laat Mense Gis

In 'n onderhoud wat Die Vaderland as „eksklusief" beskryf, het die blad se politieke korrespondent in Kaapstad 'n baie betekenisvolle antwoord van dr. Colin Steyn gekry op vrae oor 'n moontlike koalisie tussen die Verenigde Party en die Herenigde Nasionale Party en die Afrikanerparty. Dr. Steyn het nie die gedagte aan koalisie verwerp nie; hy het slegs gesê dat 'n koalisie „in huidige omstandighede" nie „nou prakties" is nie. Voorts het dr. Steyn gesê: „Niemand kan in die politiek voorspel wat in die toekoms mag gebeur nie."

Die Vaderland skryf onder groot opskrifte:

„Ons politieke korrespondent het aan dr. Steyn die volgende vraag gestel: Het u met u waarderende woorde oor dr. Malan se buitelandse beleid en u ondersteuning daarvan, 'n koalisie beoog?

„Dr. Steyn het geantwoord: Nee, my verklaring as sodanig het niks met 'n koalisie te doen nie. Dit het te doen met die werklike beleid en het geen verdere implikasies nie. Niemand besef beter as ek dat 'n koalisie nie nou prakties is nie. Om dit nou te bepleit, sou lyk asof ons by 'n omweg wil behaal wat ons in 1948 by die verkiesing verloor het.

„Na aanleiding van sy afkeuring van die aanvalle op mnr. Havenga, het dr. Steyn gesê: „Dieselfde geld wat betref my veroordeling van die persoonlike aanvalle op mnr. Havenga. Ek wil herhaal, waar ek van hom op politieke gebied mag verskil, het ek vir hom die grootste waardering as mens, nie alleen vir sy mooi rekord in die Tweede Vryheidsoorlog nie, maar ook vir sy lang en waardevolle loopbaan in die openbare belang.

„Daar kan in die huidige omstandighede geen ander implikasies aan my verklarings geheg word nie, want ek voel wat my betref, dat ons die eenheid van die Verenigde Party ten alle koste moet handhaaf.

„Hierop het ons korrespondent gevra: Wat bedoel u met ,huidige omstandighede.'

„Dr. Steyn het geantwoord: Niemand kan in die politiek voorspel wat in die toekoms mag gebeur nie."

### STEYN-GROEP

Dr. Colin Steyn is die leier van die sogenaamde Steyn-groep in die Verenigde Party. Histories is die Steyn-groep 'n voortsetting van wyle mnr. Tielman Roos se kortstondige Sentrale Party. Prakties is die Steyngroep die verset-beweging in die Verenigde Party teen die leierskap van mnr. J. G. N. Strauss.

Wanneer met dr. Colin Steyn gesels word oor koalisie met die regeringspartye dan moet altyd met twee moontlikhede rekening gehou word. Eerstens, dat dr. Steyn en mnr. Strauss en die hele V.P. kan koaliseer, en tweedens, dat slegs dr. Steyn en die Steyn-groep met die H.N.P. en die A.P. kan koaliseer. Dit is hierdie tweede moontlikheid wat so interessant is.

Dr. Steyn se vriendelike woorde in die volksraad oor dr. Malan en veral oor mnr. Havenga was aanleiding dat Die Vaderland hom gepols het oor koalisie en sy antwoord kan nie as afwysend beskryf word nie.

**Nou is die vraag. Gaan die voorgenome samesmelting tussen die H.N.P. en die A.P. uitgebrei word om 'n derde groep in te sluit?**

